# LES 7 GOD HET HOMSELF MET TWEE SOORTE BELOFTE AAN ONS VASGEMAAK: DIE TWEEDE IS DIE DAWIDSBELOFTE

**Oefening:** Kyk watter van die Abrahamsbeloftes in Esegiël 36:24-26, kom in Psalm 95 verse 6 en 7 voor.

## 1. <u>Die profeet Natan maak aan Dawid ’n nuwe stel beloftes bekend</u>

So om en by die jaar 1000 voor Christus het daar ŉ heel ander pakket beloftes bekend geword: die Dawidsbeloftes.

Dawid het al die godsdienstige en politieke vyande van Israel met sy weermag verslaan. Hy het Jerusalem die nuwe hoofstad gemaak en toe die tabernakel, dit is die tentkerk waarin Israel die Here aanbid het, na sy hoofstad toe gebring. Hy het vir homself ’n mooi paleis gebou.

Terwyl hy eendag in die paleis sit, besluit hy om ’n tempel te bou, dit is ’n klipkerk in die plek van die tentkerk. Hierdie besluit bespreek hy toe met die profeet Natan. Eers sê Natan dis goed. Deur die nag het die Here egter met hom gepraat en gesê dat Dawid nie die tempel moet bou nie. Sy seun sal die voorreg kry.

Aan Dawid word bekendgemaak dat hy die draer van ’n nuwe stel beloftes sal word, wat bekend sal staan as die Dawidsbeloftes.

## 2. <u>Die Verbondskode: Ek sal, Ek het, Ek was, Ek is en Ek gaan</u>

Die Verbondskode is wanneer God ’n onderneming en met ŉ eed bevestig. Ons het tot nou toe gewys dit is elke keer: God sê Hy sál. Maar dit hoef nie net “sál” te wees nie. Dit kan ook vir die verlede of die toekoms wees. Dan is dit nie “sál” nie, maar “Ek het”, “Ek was”, “Ek is” of “Ek gaan”.

Ons kan hierdie verbondskodes gebruik om al die verskillende dele van die Dawidsbelofte raak te lees en te herken in hierdie gedeelte.

Kom ons soek en merk hulle.

*“ 8 Nou moet jy vir my dienaar Dawid sê: So sê die Here die Almagtige: **<u>Ek het</u>** jou agter die kleinvee weggevat om oor my volk Israel te heers.*
*9 Oral waar jy gegaan het, **<u>was Ek</u>** by jou; al jou vyande **<u>het Ek</u>** voor jou oë uitgedelg. **<u>Ek het</u>** jou so beroemd gemaak soos die grotes op die aarde*
*10 **<u>Ek het</u>** ŉ woonplek aan my volk Israel gegee en hom gevestig, sodat hy sonder vrees in sy plek kan woon. Slegte mense sal hom nie meer verdruk soos voorheen*
*11 toe Ek leiers oor my volk Israel aangestel het nie. **<u>Ek sal</u>** jou rus gee van al jou vyande. Ek maak aan jou bekend dat Ek vir ŉ koningshuis gaan vestig.*
*12 Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, **<u>sal Ek</u>** een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom ŉ bestendige koningskap gee.*
*13 **<u>Hy sal</u>** vir my Naam ŉ huis bou, en **<u>Ek sal</u>** sy koningskap vir altyd laat voortbestaan.*

[14] ***Ek sal*** *vir hom 'n vader wees en Hy sal vir my 'n seun wees. As hy ontrou is, sal Ek mense gebruik om hom te straf, hom te kasty.*
[15]*Maar my trou* ***sal Ek*** *nie aan hom onttrek soos Ek dit aan Saul onttrek het om vir jou plek te maak nie.*
[17] *Jou koningshuis en jou koningskap* ***sal*** *vir altyd voortbestaan. Jou troon* ***sal*** *altyd voortbestaan.*
[17]*Volgens hierdie openbaring het Natan die hele boodskap aan Dawid oorgedra.*

### 3. Watter een is dit dié?

Kyk gou na vers 10!

Hierdie is ook 'n deel van die beloftes van die Here. Maar van watter belofte is hierdie 'n deel: van die Dawids- of van die Abrahamsbelofte? Aan wie het die Here 'n woonplek en leiers gegee in hierdie vers: aan Dawid of aan die volk van die Here?

As dit aan die volk is, dan is dit die Abrahamsbelofte, nie die Dawidsbelofte nie. So hier het ons, tussen al die Dawidsbeloftes, 'n deel van die Abrahamsbelofte.

### 4. Name en betekenisse vir die verskillende dele van die Dawidsbelofte

Net soos met die Abrahamsbelofte, kan ons vir elke deel 'n naam gee wat dit vir ons maklik sal maak om hierdie beloftes te onthou en te kan herken as ons dit in die Bybel raaklees.

Hoekom ons vir elke deel 'n eie naam moet kry, is omdat elke deel 'n eie betekenis het wat verskil van die betekenis van die ander dele. So kan ons elke deel se eie betekenis leer ken.

### 4.1 Die Herdersbelofte

Hierdie onderneming van die Here teenoor Dawid is dat hy van 'n **persoon wat kleinvee oppas,** 'n koning van die kerk sal maak. Die kleinvee wat hier van gepraat word, is skape en bokke. Dit is 'n herder. Watse tipe koning regeer oor die volk van die Here? Dit is 'n herder.

Hoe regeer 'n herder oor sy skape?

Hy gee hulle nie opdragte en bevele nie. Skape luister nie na 'n herder as hy hulle beveel soos 'n korporaal troepe bevele gee nie. 'n Herder is iemand wat voor sy skape uitloop en dan volg hulle Hom.

Hoekom? Want hy vat hulle op die regte pad, hy beskerm hulle teen gevare, hy hou hulle bymekaar, hy gaan haal hulle as hulle afdwaal en wegraak en hy versorg hulle. Dit is hoe 'n herder sy skape regeer. Hy versorg hulle. Dit is die tipe koning en regering wat die Here onderneem aan Dawid se seun.

So sal hy oor die kerk van die Here regeer: as die Herder.

Ons kan dit die Herdersbelofte noem: die deel wat wys hoe oor die kerk regeer word deur die koning van die kerk.

**4.2** **<u>Die rus-belofte</u>**

God onderneem om **by Dawid** te wees oral waar hy gaan. Hierdie belofte beteken nie dat God maar net soos ŉ toeskouer by Dawid sal wees en kyk wat met hom gebeur nie. God by Dawid beteken dat Hy as God al Dawid se **vyande uitdelg**. Dit beteken dat God die vyande van die koning wat Hy self as herder oor sy volk aanstel, sal uitdelg.

Wie is ŉ koning se vyand? Dit is iemand wat die gesag van ŉ koning ondermyn. ŉ Mens ondermyn ŉ koning se gesag wanneer jy sy dienaars van hom vervreem. Dit is iemand wat maak dat die koning se onderdane hom nie meer kan of wil dien nie.

Dit veroorsaak onrus vir ŉ koning: sy dienaars kan of wil hom nie meer as koning erken en eerbiedig nie. Hulle kan of wil nie meer na hom luister nie.

**Die rus-belofte** beteken dat daar nie meer iets of iemand is wat kan maak dat die dienaars van die koning nie meer na hom kan of wil luister nie. Al die vyande van die koning se gesag is heeltemal vernietig.

Die onrus is weg, want die koning se dienaars kan en wil hom dien.

**4.3** **<u>Die belofte van ŉ regering wat sal werk</u>**

God beloof aan Dawid dat sy seun ŉ koning oor die kerk sal wees, dat **sy regering bestendig sal wees en vir altyd sal voortbestaan**.

ŉ Bestendige koningskap is ŉ koningskap wat werk. Die doel van ŉ regering is om die dienaars van die koning só te regeer dat hulle saamleef en saamwerk tot eer van hulle regeerder. ŉ Bestendige regering is ŉ tipe regering wat dit regkry dat die onderdane saamwerk en saamleef tot eer van hulle regeerder.

God beloof aan Dawid dat sy seun só oor die kerk sal regeer dat God se onderdane sal kan saamleef en saamwerk tot eer van God.

**4.4** **<u>Die altyd en onvervangbaar-belofte</u>**

Die koning wat God aan Dawid beloof, is nie iemand wat net vir ŉ rukkie sal regeer en dan met iemand anders vervang sal word nie.

Dit gebeur baie keer met goeie regerings: hulle val inmekaar sodra die regeerder doodgaan.

God beloof aan Dawid dat die koning wat God as herder sal gee, se **koningskap vir altyd sal voortbestaan**. Dit beteken dat hierdie koning nie sal doodgaan nie, maar vir altyd sal lewe.

Hy sal nie deur iemand vervang word of opgevolg word wat die regering wat werk, weer inmekaar sal laat val nie. Dit is wat dit beteken dat **God nooit sy trou aan Dawid sal onttrek** nie.

Dawid het vir Saul vervang as koning. Maar God beloof aan Dawid dat niemand weer ooit sy seun sal vervang nie. Niemand sal hom ook opvolg nie. God sal nooit sy trou aan hierdie koning wegneem sodat iemand anders weer in sy plek kan kom nie.

**4.5 <u>Die twee vader en twee keer seun-belofte</u>**

ʼn Baie kenmerkende eienskap van hierdie koning wat God aan die kerk beloof, is dat Hy twee Vaders gaan hê en daarom twee vaders se seun gaan wees.

Die Here beloof aan Dawid dat die koning wat herder van die kerk gaan wees, sy eie seun gaan wees. Hy gaan ʼn direkte nakomeling van Dawid self wees. Vers 12 beklemtoon aan Dawid dat dit "jou eie seun" sal wees.

Maar in vers 14 staan hierdie seun in ʼn verhouding met God wat geen ander persoon ooit met God kan wees nie. God gaan ook hierdie koning se eie Vader wees, en Hy gaan God die Vader se eie Seun wees.

Daarom het hierdie koning twee vaders, en is hy twee keer ʼn seun: Hy is Dawid se eie nakomeling en God die Vader se eie Seun.

**4.6 <u>Die huisbou-belofte</u>**

Vers 13 sê die koning sal vir God ʼn huis bou. Hier kry ons weer die "sal" van die verbond van God. Hier staan nie dat God sy beloftes sal nakom "as" die koning vir God ʼn huis bou nie.

Hierdie "sal" is weer ʼn onderneming van God. Dit is God wat sal sorg dat hy ʼn huis vir God bou. Daarom is die huisbou ook ʼn belofte van God aan Dawid. God sal sorg dat dit is wat sy seun sal doen. Dawid hoef dit nie te doen of bekommerd te wees dat sy seun dit nie sal doen nie. God onderneem Hy sal dit doen.

**6. <u>Verskillende dele, maar een onderneming</u>**

Ons kan die verskillende dele van die Dawidsbelofte anders indeel of ander name gee, maar die belangrike is dat ons sal sien dat al hierdie verskillende dele –

een belofte aan Dawid vorm: die Koningsbelofte: ʼn koning wat sal regeer.

Ons kan hierdie teksdeel gebruik as ʼn sleutel om elke keer die Dawidsbelofte te herken as ons dit lees in die Bybel:

**Die Koningsbelofte – ʼn koning wat sal regeer:**

**.1** wat ʼn herder sal wees en soos ʼn herder oor die kerk sal regeer.
**.2** wie sal rus bring vir sy onderdane van alle onrus teen sy regering.
**.3** wie se regering sal werk: dit sal sy onderdane laat saamleef en saamwerk tot sy eer.
**.4** wie altyd sal regeer en deur niemand anders vervang sal word nie.
**.5** wie twee vaders sal hê en vir twee vaders seun sal wees.
**.6** wie vir God ʼn huis sal bou.

**Oefening**: Kyk of julle kan raaksien watter deel van die Dawidsbelofte kom in die volgende tekste voor:   a. Psalm 1  b. Psalm 89 verse 1-5 en 35 tot 38  c. Jesaja 9 verse 5 en 6.